

19 Augustus

Gebed bring sekerheid in tye van onrus

Skrifgedeelte: Psalm 4

Fokusgedeelte: Psalm 4:9

Psalm 4 begin by die een pool van die lewe: iemand in groot nood. Hy bid 'n smeekgebed tot God. Die psalm eindig by die ander pool: 'n tevrede bidder wat onbesorg en rustig gaan slaap. Aan die een kant die spanningsvolle nood waarin jy verkeer – aan die ander kant kan jy, soos Dawid in ons teksvers, rustig gaan lê.

Net die gelowige wat in eenvoud op God vertrou kan hierdie twee teenpole van die lewe – onrus, en tog rustig gaan slaap – met mekaar versoen.

Ons lees nie dat daar tussen die begin en die einde van die Psalm enigiets in die digter se omstandighede verander het nie. Tog het *alles* verander, want hy slaap nou rustig. Hy vind rus, selfs al het die onrus nog nie gewyk nie. Dit gebeur wanneer jy God voluit vertrou, en met die volle sekerheid leef dat Hy jou saak sal behartig.

So het Christus ook in Getsémane rus gevind, al moes Hy steeds nog aan die kruis gaan sterf. Sit jy die bril van vrees op, dan kyk jy met vrese na enigiets in die lewe. Die ware gelowige sit die bril van Godsvertroue op, en sien alle probleme in die hand van die Here. As gelowiges is ons oë op God gevestig, ons vaste Rots. In Hom lê die sekerheid van die uitkoms.

Gebed bring daardie sekerheid en vergenoegdheid, al het niks nog verander nie. Vertrouensvol in God se hand, sal Hy jou saak wel op die regte tyd verander.

Sing: Psalm 4:4 (Totius)

Ds. Hennie Briel (Petrusburg/Boshof)